<u>Ouderdom:</u> Vs-GR 5
<u>Tema:</u> Ek is spesiaal
<u>Teks:</u> Genesis 1:27

EK IS SPESIAAL NET SOOS EK IS…….

Gee vir elke kind in die klas 'n stuk klei, deeg of wondergom. Laat die kinders dan met die klei 'n mannetjie maak.

Sê vir hulle:
Dié mannetjie het lewendig geword. Toe begin die mannetjie kla oor hoe hy lyk. Hy sê sy ore is te groot … en sy voete is te klein! Hy wil ook nie so klein wees nie! Sy hare is nie mooi nie en sy bene is te skeef! Hy hou heeltemal niks van homself nie!

Vra vir die kinders:
Hoe voel hulle nou?
Jy het dan so lank gevat om die mannetjie te maak! Jy het dan jou beste probeer. Vir jou was die mannetjie dan mooi.

Wie het ons gemaak?
In die Woord van God, die Bybel, staan in Genesis 1:27 – "…as beeld van God het Hy die mens geskep".

Wat weet ons nou?
God het ons gemaak en Hy het net so baie moeite ingesit toe Hy ons gemaak het.

Hoe dink julle voel God as ons nie tevrede is met onsself nie? Net so sleg soos wat ons gevoel het toe ons hoor dat ons mannetjie nie tevrede is met homself nie – net so voel God as ons nie tevrede is met onsself nie.

Volgende keer as jy weer dink jou hare is nie mooi nie of jou bene is te maer of jy is te lelik, onthou:
God het jou gemaak en Hy hou van jou net soos jy is!

Laat die kinders hulle mannetjie huis toe neem en sê vir hulle dat hulle elke keer as hulle hul mannetjie sien, moet onthou dat God hulle gemaak het.

Laat 'n paar kinders bid en dankie sê dat hulle kan weet dat God hulle gemaak het.

<u>Deeg klei</u>
1 koppie meel
½ koppie sout
1 koppie kookwater en koek kleursel
1 eetlepel olie
2 teelepels aluin.
Gooi alles in 'n pot en roer op stoof tot dit 'n bol vorm
Haal van stoof af en knie goed.
Bêre in 'n digte houer.